# Aangetrek vir die lewe

## Sonder ‘n belt val alles

Koos van der Merwe  | Eden Gemeente | 26 Oktober 2025

### Die Rots van Waarheid...

Die aand van 13 Januarie 2012 was prentjiemooi langs die kus van Italië. Aan boord van die reuse-passasierskip, die Costa Concordia, was meer as 4,200 mense besig om die eerste aand van hul droomvakansie te geniet.

Maar in die stuurkajuit het Kaptein Francesco Schettino 'n besluit geneem. Hy wou sy vriende op die eiland Giglio beïndruk met 'n dramatiese "saluut" deur naby die kus verby te seil. Sy oordeel was: "Ek is 'n ervare kaptein. Ek ken hierdie waters. Ek is in beheer." Hy het sy persoonlike, subjektiewe waarheid bo die objektiewe waarheid van die amptelike navigasiekaarte gestel. Om 21:45 daardie aand het sy persoonlike waarheid teen 'n onbeweeglike, objektiewe rotsformasie gebots. Twee-en-dertig mense sou sterf in daardie chaos.

’n Honderd jaar vantevore, in April 1912, het 'n soortgelyke tragedie plaasgevind met the Royal Mail Ship Titanic. Die skip, as "onsinkbaar" beskou, het teen 'n hoë spoed deur die yswaters van die Noord-Atlantiese Oseaan gevaar. Die bemanning het daardie dag talle waarskuwings per radiosender ontvang wat melding gemaak het van swaar ys en ysberge in hul pad—sommige bronne noem tot agt waarskuwings. Tragies genoeg is hierdie objektiewe, lewensreddende inligting óf vertraag, óf oorgesien, óf as nie ernstig genoeg beskou nie. Die gevolg was 'n direkte botsing met 'n ysberg en die verlies van meer as 1,500 lewens.

Hierdie twee rampe illustreer die dodelike gevaar van die verontagsaming van onwrikbare waarheid. Die rots en die ysberg het nie omgegee oor die kapteins se selfvertroue of hul eie waarheid nie. Hulle was bloot daar. Hierdie patroon is so algemeen in grootskaalse mislukkings dat dit meetbaar is: Maritieme organisasies wêreldwyd stem saam dat tussen 75% en 96% van alle groot maritieme ongelukke toegeskryf kan word aan menslike foute—wat insluit die verontagsaming van gevestigde prosedures en die versuim om objektiewe waarskuwings te erken en daarop te reageer.

Die katastrofe is selde die gevolg van 'n onbekende bedreiging; dit is die gevolg van die verontagsaming van 'n bekende waarheid.

Ons lewens is 'n reis, en elkeen van ons is die kaptein van ons eie siel. "Leef jóú waarheid!” is die stem van ons tyd. Maar wat gebeur as ons persoonlike waarheid ons reguit op 'n botsing met God se onwrikbare, objektiewe waarheid stuur?

Dit is hoekom die heel eerste stuk van die geestelike wapenrusting wat Paulus ons beveel om aan te trek, die gordel van die waarheid is. Waarheid wat nie 'n opinie, ’n persoonlike seining is

nie. Nie 'n gevoel nie. Waarheid wat die onmiskenbare baken, die vaste navigasiekaart van God se geopenbaarde Woord. Waarheid wat ons veilig hou van die dodelike rotse van selfbedrog. Sonder die gordel van waarheid, die anker in objektiewe waarheid, is dit nie 'n kwessie van óf ons lewens skipbreuk sal ly nie, maar wanneer.

Daarom is die...

- ### Die Basis van Waarheid: Meer as Net 'n Bykomstigheid

Vir die Romeinse soldaat was die gordel, die balteus, nie 'n mode-item nie. Dit was die kern van sy toerusting. Eerstens het dit sy los tuniek, die soldatemantel, opgetrek en stewig vasgehou sodat hy vrylik kon beweeg en veg sonder om oor sy eie klere te struikel. Tweedens, en nog belangriker, was dit die ankerpunt vir sy wapens. Sy swaard, die gladius, het aan die gordel gehang. Dit was die basis waarvandaan hy kon veg.

Net so in die geestelike lewe. Waarheid is nie net een van die vele "items" in ons geloof nie; dit is die basis, die fondament wat die res anker. Elke ander deel van die wapenrusting waaroor ons in hierdie reeks gaan praat, geregtigheid, jou geloof, jou bereidheid om die evangelie te verkondig—alles hang aan die gordel van waarheid. ’n Mens wat nie gegrond is in wat objektief waar is nie, se geestelike lewe sal chaoties en ondoeltreffend wees. So ’n mens se lewe en sienings sal bepaal word deur eie gevoelens, opinies, en die eise, modes en opinies van die kultuur... en uiteindelik daaroor struikel.

En dit bring ons by die hart van vandag se stryd. Ons leef in 'n era waar die mees populêre slagspreuk geword het: "leef jou waarheid". Dit klink so bemagtigend, so outentiek. Maar dit is 'n subtiele, maar direkte, aanval op die idee van 'n objektiewe, geopenbaarde waarheid. Ons kultuur sê waarheid is nie iets wat ons *ontdék* nie, maar iets wat ons self *skép*. Elkeen is die argitek van sy eie realiteit. Om vandag te sê, "Jesus is die Waarheid," word vinnig afgemaak as arrogant, onverdraagsaam, en selfs gevaarlik.

Ek het ’n klompie jaar gelede ’n drie-dag seminaar bygewoon van ’n baie bekende Europese professor in spiritualiteit. Daar was seker so ’n stuk of dertig kerkleiers in die seminaar. So teen die middel van dag twee kon ek nie anders nie, ek moes net my teleurstelling uitspreek. My beswaar was dat ek na die seminaar toe gekom het omdat ek oortuig was dit was ’n Christelike seminaar, vir kerkleiers. En tog het al die besprekings tot op daardie punt my laat voel ek is die enigste een wat ongemaklik begin voel het. Dit het vir my geklink asof die die meeste van die leiers se onderliggende idee van spiritualiteit daarop neergekom het dat alle gelowe ’n mens dieselfde diep belewenis van dieselfde God bied. Die seminaar was as’t ware ’n viering van die feit dat alle godsdienste dieselfde geestelike verryking en innerlike transformasie meebring en bymekaar moet leer en mekaar moet verryk. Ek het gesê dit is nie hoe ek dit sien nie. Ek glo dat spiritualiteit sonder ’n verhouding met Jesus nie die geestelike lewe is waarvan die Bybel praat nie … My beswaar is met heftige kritiek ontvang. Die professor was beleefd, maar van die kerkleiers het my siening as uitgediend en fundamentalisties beskou en ook gemeen dit is die rede vir soveel vyandigheid en verdeeldheid in die wêreld.

Maar wat as een sentrale waarheid, Jesus Christus self, juis die tekort is in alle mense se diepste wese? Die vaste waarheid gesetel in die een Redder van die wêreld, Jesus Christus, die Seun van God, gebore uit ’n maagd, wat gesterf het, opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel, vanwaar Hy sal kom om elke mens te oordeel… Vaste waarheid. Wat as die

mees liefdevolle ding wat God vir ons kon gee, juis 'n vaste, onwrikbare waarheid is in 'n wêreld wat op die oseaan van opinies en gevoelens en vermengde godsdienste ronddobber?

En tog...

- **Selfgemaakte Waarheid, is ’n Baie Ou Idee...**

Hierdie neiging om ons eie waarheid te skep, is niks nuuts nie. In die Bybel, in die donker dae van die Rigters kry ons 'n perfekte, en tragiese, illustrasie hiervan in die verhaal van 'n man met die naam Miga. Miga steel geld by sy ma, maar "heilig" dit dan deur 'n afgodsbeeld te laat maak. Hy bou sy eie heiligdom in sy huis. Hy stel sy eie seun aan as priester. En toe 'n "regte" Leviet verbykom, huur hy hom as sy persoonlike priester. Luister na sy gevolgtrekking in...

**Rigters 17:12-13**

12En Miga het die Leviet aangestel, sodat die jongman sy priester geword het, en hy was in die huis van Miga.

13Toe sê Miga: Nou weet ek dat die HERE aan my goed sal doen, omdat ek ’n Leviet as priester het.

Miga skep sy eie godsdiens. Hy gebruik die vorm van ware godsdiens—'n heiligdom, 'n priester—om sy persoonlike, selfgemaakte spiritualiteit te beoefen. Hy "leef sy waarheid". En die boek Rigters se refrein diagnoseer die probleem perfek:

**Rigters 21:25**

In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë.

Dit is die definisie van relativisme. En dit het gelei tot morele, sosiale, en geestelike anargie. Vandag doen mense presies dieselfde. Hulle bou dalk nie meer afgodsbeelde van silwer nie, maar die nuwe afgod is om ’n eie geestelike spyskaart saam te stel. Om die dele van die Bybel wat aanvaarbaar en aantreklik is te meng met idees van Oosterse mistisisme of populêre sielkunde, gunsteling podcasts, boeke, en sprekers wat vir ons sê wat ons wil hoor.

Waarvoor min kans sien, is...

- **Die Ongemak van Waarheid...**

Hoekom word die gordel van waarheid verruil vir 'n selfgemaakte een? Die diepste rede is nie omdat die waarheid nie sin maak nie. Dit is omdat die waarheid konfronteer.

Dis die ongemak in die waarheid wat verwerp word. Omdat waarheid ’n mens konfronteer, ontbloot, en van elke mens verwag om pynlike aanpassings te maak. Waarheid bring elke mens aanhoudend by keuses teen jou eie drange en manier van leef.

Die boek Hebreërs gebruik ’n beeld om die aard van God se Woord—sy waarheid—te beskryf, om ons bewus te maak van die indringendheid van waarheid, die pyn wat waarheid bring.

**Hebreërs 4:12-13**

Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ’n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.

Die Woord van God as 'n chirurg se skalpel. Dit sny deur ons lae van selfbedrog, rasionalisering, vroom verskonings. Dit dring deur tot die skeiding van "siel en gees"—dit wys presies waar menslike idees en begeertes eindig en waar God se wil begin. Dit ontbloot ware motiewe. Dit laat geen skaduplek om in weg te kruip nie.

En dít is die eintlike probleem met waarheid. Geen mens hou daarvan om ontbloot te wees nie. Elke mens verkies die donker veiligheid waar jy self in beheer is. Waarheid word nie verwerp omdat dit onwaar is nie, maar omdat dit eise stel.

En dit bring ons by die Nuwe Testament se dringende waarskuwings, veral vir die tyd waarin ons leef.

- 

**Die Noodsein van Waarheid: Pasop vir 'n Ander Evangelie....**

Paulus was baie ernstig oor hierdie stryd om die waarheid. Vir hom was dit nie 'n akademiese debat nie; dit was 'n saak van lewe en dood.

Hy was geskok oor hoe vinnig die Galasiërs die waarheid verruil het vir iets wat nuwer en makliker geklink het. Luister na sy dringendheid:

**Galasiërs 1:6-10**

EK verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na ’n ander evangelie toe,

terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai.

Maar al sou ons of ’n engel uit die hemel julle ’n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ’n vervloeking wees!

Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle ’n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom ’n vervloeking wees!

Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie ’n dienskneg van Christus wees nie.

'n "Ander" evangelie is GEEN evangelie nie. Dis 'n doodloopstraat. Paulus se taal is skerp: "laat hom 'n vervloeking wees" (anathema). Hy plaas die staan by die Waarheid bo populariteit en mense se opinies.

Maar hoe word hierdie "ander evangelies" verpak? Dikwels klink hulle intellektueel en diepsinnig. Paulus waarsku die Kolossense:

**Kolossense 2:8-10**

Pas op dat niemand julle **as ’n buit wegvoer** deur die wysbegeerte en **nietige misleiding** nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie. Want in Hom woon **al die volheid van die Godheid** liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag...

**as ’n buit wegvoer—sulagogeo**: Om as oorlogsbuit te plunder; om iemand as 'n slaaf weg te voer. 'n Gewelddadige, aggressiewe daad, nie 'n sagte oorreding nie; ’n vyandige oorname.

Hier is dit nie ’n prentjie van filosofiese debat, uitruil van idees nie, dis ’n wrede misleidende wegvoer van ’n mens se wese.

**nietige misleiding—kenes apates:** Leë bedrog; inhoudlose misleiding.

Sieninge wat dalk diepsinnig, intellektueel en emosioneel stimulerend, lyk, maar wat geestelik leeg is, sonder ewige krag. Die illusie van diepte—'n aantreklike, leegheid.

**al die volheid van die Godheid—pan to pleroma theotetos:** absolute volledigheid, alles wat God is.

Paulus sê alles wat van God beleef kan word is in Christus, die inkarnasie van die volle wese van God.

Paulus skep 'n dramatiese kontras. Aan die een kant het jy 'n gewelddadige ontvoering (sylagogeo) na 'n filosofie wat uiterlik indrukwekkend is maar innerlik leeg (kenes apates), aan die ander kant het jy Christus, in wie jy die absolute somtotaal (pleroma) van die essensie van Godheid (theotetos) kan ontmoet en beleef. **“Julle het die volheid IN HOM...”**

Die vyand se taktiek is om ons te vang met filosofieë wat indrukwekkend klink maar leeg is. Dit is die kern van New Age en ander sinkretistiese idees—hulle bied 'n spiritualiteit wat losgemaak is van die Persoon in wie die "volle Godheid liggaamlik woon." Hoekom soek na brokkies spiritualiteit elders as ons die volle skatkis in Jesus het?

Hierdie drang na "nuwe waarhede" spruit dikwels uit wat C.S. Lewis genoem het "chronologiese snobisme"—die verwaande, arrogante oortuiging dat ons, bloot omdat ons in die 21ste eeu leef, alle dinge noodwendig beter verstaan as diegene wat voor ons geleef het. Om te glo jy het 'n "nuwe lig" ontdek wat die kerk vir tweeduisend jaar lank gemis het.

"...'chronological snobbery', the uncritical acceptance of the intellectual climate common to our own age and the assumption that whatever has gone out of date is on that account discredited... our own age is also a 'period', and certainly has, like all periods, its own characteristic illusions. They are likeliest to lurk in those widespread assumptions which are so ingrained in that age that no one dares to attack or feels it necessary to defend them." (C.S. Lewis, Surprise by Joy: The Shape of My Early Life.)

Paulus diagnoseer hierdie houding in ...

**1 Timoteus 6:3-4**

As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie,

dié is verwaand en verstaan niks nie...

Maar as jy waarheid kies, wees bewus van...

- **Die Koste van Waarheid: die Onvermydelike Swaard:**

As jy besluit om hierdie gordel van waarheid stewig vas te maak, moet jy voorbereid wees op die onvermydelike gevolg: konflik. Jesus was baie duidelik hieroor. Ons dink dikwels aan Hom as 'n sagte, universeel aanvaarbare figuur. Maar luister na Sy eie woorde in...

**Matthéüs 10:22, 34-39**

...julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.

Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder... En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees. Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie...

En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.

Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.

Die "swaard" van Jesus is nie 'n oproep tot geweld nie; dis 'n beskrywing van die realiteit van skeiding. Die waarheid van die evangelie dwing 'n keuse af. Dit trek 'n lyn in die sand, en daardie lyn loop soms reg deur gesinne, vriendskappe en gemeenskappe. Om vir Jesus te kies, beteken om Hom bo alles en almal te kies.

As jy die waarheid praat in 'n wêreld wat floreer op menlike idees wat van die Skrif verskil, moenie verbaas wees as die wêreld jou nie daarvoor prys nie. Jesus waarborg dit: En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam.

Dit is hoekom Paulus daardie hartverskeurende vraag aan die Galasiërs moes vra:

**Galasiërs 4:16**

Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?

Soms, selfs in die kerk, sal jou standpunt vir Bybelse waarheid jou vervreem van mense. Is jy bereid vir daardie stryd?

Maar daar is 'n groter en belangriker stryd, wat te doen het met…

- 

**Die Spieël van Waarheid…**

Die stryd vir waarheid word nie net "daar buite" in die kultuur geveg nie. Die mees intense en belangrikste geveg vind "hier binne" plaas. Die doel van die gordel van waarheid is nie net om intellektueel reg te wees nie; dis om persoonlik verander te word. Dit bring ons by die groter stryd, die stryd met die spieël… daardie wrede, onwrkibare stuk glas… en natuurlik sy kameraad die skaal.

Dis 'n pynlike ervaring om jouself werklik te sien, Dis soos om vir die eerste keer ná 'n winter van ekstra kilogramme in die spieël te kyk. Jy het dalk gedink jy lyk heel aanvaarbaar onder jou warm winterklere, maar die spieël konfronteer jou met die realiteit.

Jakobus gebruik presies hierdie beeld:

**Jakobus 1:22–25**

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.

Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.

Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.

Die tragedie is nie om in die spieël te kyk en jou winterlyf te sien nie. Die tragedie is om weg te stap en te vergeet wat jy gesien het. Om jouself te bedrieg. Maar die een wat bly kyk, wat die waarheid oor homself aanvaar en iets daaraan doen, sê Jakobus, sal "gelukkig wees".

Dawid het dit verstaan. In sy donkerste uur, ná sy sonde met Batseba, het hy die dapper ding gedoen: hy het in die spieël gekyk en nie weggekyk nie. Sy gebed in Psalm 51 is een van brutale self-konfrontasie:

**Psalm 51:3–10**

Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid.

Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.

Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my...

Kyk, U het ’n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend...

Laat my vreugde en blydskap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het.

Jakobus sê hy wat in die spieël kyk en ’n dader word sal gelukkig wees. Dawid se erkentenis bid vir blydskap. Ware geluk en blydskap kan nooit van waarheid geskei word nie. Jy kan ’n valse blydskap hê, gebou op ontkenning. Maar die diep, standhoudende vreugde van die Here is die vrug van 'n lewe wat dapper genoeg is om in die spieël te kyk en te sê: “Here, U het ’n welgevalle aan waarheid in my binneste. Wys my, ek wil in die spieël kyk.”

Dit is die uiteindelike doel. Johannes skryf:

**3 Johannes 4**

Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel.

Ons kies ’n pad met waarheid, nie om argumente te wen nie, maar heel eerste sodat die waarheid sy argument met *mý* kan wen en my lewe kan begin verander. ’n Boodskap oor waarheid sonder ’n veranderde lewe doen meer skade aan waarheid as die leuen self...

- **Die Aantrek van Waarheid...**

Hoe maak ons hierdie gordel vandag vas?

- Ken die Waarheid: Jy kan nie iets dra wat jy nie besit nie. Om met die Skrif te leef.
- Leef die Waarheid: Om die Skrif nie as ’n ensiklopedie te gebruik nie, maar as ’n spieël. Waarheid wat alles in jou lewe bymekaarhou.
- Praat die Waarheid: In liefde... en wees gereed vir die gevolge.

Jesus het gesê Hy is self die waarheid. Die waarheid is nie ’n boek nie, dis nie ’n siening nie, dis nie oortuiging nie, dis ’n Persoon.

**Johannes 14:6**

Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Om hierdie gordel vas te maak, is om jouself elke dag te anker in wie Hy is, wat Hy gesê het, en wat Hy vir ons gedoen het. Hy is verwerp en vermoor vir die waarheid wat Hy gebring het, en geleef het.

In 'n wêreld wat al hoe meer sy geestelike en morele gordel verloor, roep God jou vandag om vas te staan. Dit sal 'n swaard bring. Dit mag jou 'n vyand maak in die oë van sommiges. Maar dit is die enigste pad na ware vryheid, ware heiliging, en die diep, blywende vreugde om te sien hoe mense in die Waarheid wandel—en dit begin by die mens in die spieël.

Sonder daardie belt, val alles. Maar mét daardie belt, kan jy enige stryd weerstaan.

Kom ons eet en drink die waarheid. Here, U wat u lewe vir my gegee het, help my om met alles in my deur u waarheid en liefde beheer en gevorm te word. En mag ek U nooit verloën nie.